Hoe lief het ek U, Here my God!

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Skriflesing: Psalm.84 *(Terwyl ek die skrifgedeelte hardop voorlees, volg die woorde en soek in jou gedagte net een vers of 'n paar woorde wat jou tref. Daarna gaan ek geleentheid gee dat jy daardie gedagte met die een langs jou deel. Jy gaan ook hoor wat die een langs jou sê en dit memoriseer.)*

Die Here spreek op verskillende wyses tot elkeen van ons. Onlangs was ek ook deel van 'n groepie mense wat hierdie psalm met mekaar gedeel het. Ek wil nou die boodskap met u deel wat God op daardie stadium op ons harte gelê het. Voeg dit dan by die boodskap wat u nou reeds ontvang het.

1. Ek versmag van verlange na U!

In die Ou Testamentiese tyd was die tempel vir die Israeliete die praktiese vergestalting van God. As hulle aan die tempel dink, het hulle aan God gedink. God het by die tempel gewoon. **Dit was die plek waarheen hulle gegaan het om God te aanbid, vir Hom offers te bring en met Hom tyd deur te bring.** Die tempel was naas die koning se paleis, 'n indrukwekkende gebou en so was God vir hulle ontsaglik en indrukwekkend. Die tempel was **'n Heilige plek** en so was God vir hulle.

- Die tempel was in Jerusalem. Die meeste Israeliete het vêr van Jerusalem gewoon en kon nie elke dag na die tempel gaan om God daar te aanbid of offers te bring nie. Hulle het God egter baie lief gehad en na Hom verlang. Daarom het hulle groot opofferinge gemaak om daarheen te reis en God daar te gaan aanbid.
- Na die mate wat jy God lief het, sal jy opofferinge maak om God te dien en te aanbid. Ons leef in die 21ste eeu. Jou en my gereelde kerk toe kom weerspieël vandag nog hoe groot ons liefde vir God en ons medegelowiges is.

Vir hulle was die tempel die adres waar God gewoon het. **Dit was die plek waar jy verseker in God se teenwoordigheid gekom het.**

- Wanneer en waar kommunikeer jy die maklikste met God? Het jy ’n stiltetyd plek?
- Wanneer voel dit vir jou of God regtig met jou praat?
- **Het jy agtergekom dat as jy te besig is, oorwerk is, gejaagd lewe en nie stil word nie, dat jy nie mooi kan hoor wat God vir jou wil sê nie.** Jy behoort ’n plek te hê waar jy kan afskakel en jou volle aandag aan God kan gee.

By die tempel is die offers onder toesig van die priesters gebring. Elke Israeliet het tenminste een keer ’n jaar (met Paasfees) na die tempel gereis om God te gaan aanbid en om offers aan God te bring. By so ’n uittog was dit ’n groot okkasie. Byna soos die vertrek op ’n jaarlikse Kersvakansie na die see! **Almal in die gesin het daarna uitgesien! Dit was ’n hoogtepunt om na God se tempel te gaan!** As die digter sing: Hoe lief het ek U woning Here, dan bedoel hy eintlik hoe lief het ek U Here, my almagtige God! Sy Gees, siel en liggaam hunker en verlang na God. Hy kan nie meer wag om by God te wees nie! Hy sal enigiets doen om by God te kom.

- Is die aanbidding van God hier by die kerk vir jou ’n hoogtepunt?
- Nooi jy mense saam om God te kom aanbid?
- Hoe berei jy jou voor as jy kom om Hom te aanbid? Kom jy met verwagting?

Vandag in die Nuwe Testamentiese tyd, beskou ons die kerkgebou gewoon as ’n gerieflike bymekaar kom plek. Die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur. God het simbolies die heilige en aller heiligste dele van die tempel verenig. **God woon nie in ’n gebou nie. Hy woon deur Sy Gees in ons hart.** Die Heilie Gees is op Pinkster Sondag uitgestort en God woon deur Sy Gees in elkeen van ons persoonlik.

- **Hoe lief het ek en jy vir God?** Kan jy ook eerlik sê ek versmag van verlange na God! Verlang jy daarna om God se Woord te lees of met Hom te praat?
- Iemand wat versmag van verlange sal enigiets doen om tog net by sy geliefde te kom, net mekaar te kan sien of mekaar se stem te kan hoor! Geen prys of opoffering is te veel gevra nie. Ek kan nie wag nie!

Die tyd wat ons daagliks in Bybelstudie en gebed met God deurbring vertel hoe lief ons Hom het. Die dankoffer bydraes wat ek gee, my diensbaarheid teenoor medegelowiges ter wille van God, **my getuienis oor God en Sy kerk**. Alles spreek duidelik hoe lief ek God het. Hoeveel ek vir Hom sal opoffer. Hoe na Hy my aan die hart lê!

<u>Voorbeeld:</u> Jare gelede toe ek in die oorlogtyd grensdiens gedoen het, het dit gebeur dat ek in die bos was en vir ’n maand of wat glad nie kontak met my vrou kon maak nie. Selfs die briewe het verlore geraak. My seun was maar pas gebore toe ek haar vir alleen moes agterlaat om grensdiens te gaan doen. In daardie tye het ek so uitgesien om haar stem te hoor. Dit het my nege uur se ry met ’n Buffel (pantser troepedraer) gekos om by die naaste telefoon uit te kom. Slegs eenkeer ’n maand het ek die tog aangepak. Dikwels, wanneer ek daar kom, het ek uitgevind dat die telefoonlyne na die republiek stukkend was. Ons kon nie verbinding maak nie. Ek onthou hoe teleurgesteld ek dan was. Hoe desperaat ek was. Hoe ek verlang het om net haar stem te hoor! Ek sou enigiets opoffer om kontak te maak!

As jy smag van liefde en verlange na God, beteken dit geen opoffering is vir jou te groot nie! Jou lewe en jou gedagtes draai rondom God! Hy is die middelpunt van my bestaan. Dit is hoe ons God behoort lief te hê (Mt.22:37-40). Dit is hoe die digter Sy God lief gehad het.

2. Wat getuig ek van my God en Sy gemeente?

Die digter sien uit om by die tempel van God te kom. Daar waar hy God wil aanbid. Die tempel was nie vir Hom ’n dooie stuk liturgiese tradisie wat hom verveel het nie. **Hy wou permanent in God se teenwoordigheid leef en jubel.** Dawid het so opgewonde oor God geword dat hy voor die ark gesing en dans het! So voel die digter nou oor God!

- Hoe opgewonde is ek oor God? Kan ek met alles wat in my is oor God jubel? Kan ek opgewonde oor my God sing?

- Watter taal praat ons in die kerk? Wat doen ons in die kerk sodat mense God leer ken en verstaan en in verwondering is oor God se teenwoordigheid?

Ek sê die week vir iemand. **Let op. Sommige Christene konsentreer net elke keer op die slegte.** Hulle bly praat en bly skinder oor die negatiewe dinge wat in die kerk gebeur. Hulle kyk die menigte seëninge wat God daagliks oor ons uitstort mis! Dit kan weke goed gaan in die gemeente en God kan ons oor jare oorvloedig seën, maar as daar een insident gebeur wat vrot ruik, word dit opgeblaas en dieselfde storie aan almal oor en oor vertel. God is baie keer nie eers voorop in hul gedagtes nie! Hulle loop elke dag en kla en skinder en breek hul eie kerk af! Nee, eintlik breek hul God se beeld af!

- Sulke mense loop soos Tobias en Sanballet en bly negatiwiteit saai (Neh.1:19). Met die kerk vind hulle altyd fout! (Deut.20:8 sê as jy 'n oorlog in God se naam wil wen, kan jy nie bekostig om sulke mense saam te neem nie. Jy moet hulle liewer huis toe stuur. Sulke mense laat hulle volksgenote moed verloor).

So is hierdie digter nie. **Nee, hy wil by God se tempel tuisgaan. Hy weet by God sal hy keer op keer seën ontvang!** Kom ons draai ons denke om. Kom ons begin vertel vir mekaar hoe goed is God vir ons! Kom ons begin as gemeenskap van gelowiges weer saam uitsien om God weekliks by die kerk te kom aanbid! Kom ons kom weekliks bymekaar om mekaar te bemoedig en uit die Woord te versterk! As mense my vreugde deur die week wil steel met kwaadpraat, dan laat ons dit gewoon nie toe nie. Ons vind ons vreugde in God!

In vers 11 sien ons iets van die wonderlike atmosfeer by die tempel. Dieselfde atmosfeer van liefde en koinonia (gemeenskap tussen gelowiges) behoort ons ook by die kerkgebou te ervaar waar alle gelowiges op die eerste dag van die week saam kom om God te aanbid. Waarlik, sê die digter: ***"Een dag in u tempel is beter as duisend daar buite."*** Dis so wonderlik om in God se teenwoordigheid te wees, ek staan liewer op die drumpel van die kerk en luister na die lofliedere en jubel

oor God in my hart, as wat ek daar buite tussen mense woon, wat God nie liefhet en ken nie.

3. Wie is God vir jou?

Ps.84:2 ***"Hoe lief het ek U woning, Here, <u>Almagtige</u>."***

Hierdie digter beskryf verskillende eienskappe van Sy God in hierdie psalm.

- **God is Almagtig** (let op hoeveel keer kom die woordjie in die psalm voor). <u>Daar is niks wat God nie kan doen nie! God is oral in beheer. God kan enige probleem oplos!</u> (vgl. **Mt.19:26** *Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: "Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik.")* **Glo jy dat God ook jou probleme kan oplos?**
- **God is 'n lewende God** (vers 3). God is altyd oral teenwoordig. Hy het nie net in die Bybel se tyd geleef en kragtige wonderwerke daar gedoen nie. Hy leef vandag, nou, vars is Hy teenwoordig in my lewe! **Glo jy werklik dat God in jou woon?**

<u>Voorbeeld</u>: Ek gesels onlangs met 'n predikant. Sy jong werkende seun is nou in 'n kort rukkie vier keer in Pretoria aangeval en beroof. Die laaste keer is hy so verwurg dat hy flou geword het. Ek vra hom hoe voel jy daaroor? Hy sê: "Wat kan ek doen? Ek kan tog nie elke dag by hom wees nie. Ek moet glo dat God elke dag my seun sal beskerm, dat Hy in beheer is. <u>Ek moet glo dat Hy almagtig genoeg is om hom te beskerm.</u>"

Ek vra toe, en hoe voel jou seun daaroor? Is hy mismoedig en verbitterd? Nee, antwoord hy. My seun is blymoedig. Hy glo God sal hom beskerm. Hy glo God is Almagtig. My seun leef blymoedig voort! Of dit goed gaan of sleg gaan, hy weet God sorg vir hom."

Wat is jou omstandighede? Wat is jou nood vandag? Glo jy dat God almagtig is. Glo jy dat Hy jou kan help? Dat Hy alle probleme op Sy manier en tyd kan oplos? Glo jy dit werklik? <u>Skuil jy by God?</u> Die digter (vers4) noem God, die **almagtige.** Hy spreek hom aan as **my Koning** (die een wat oor my regeer en vir my sorg, die

een wat ek dien). Hy noem Hom **My God** (Die een wat ek vereer, aanbid, en vir wie ek leef.)

4. Ontspan jy by God?

Hy gebruik die **beeld van ’n mossie en ’n swaeltjie** wat sy nessie in die tempel bou. Die tempel het ’n groot konstruksie gehad. Die digter het waarskynlik opgelet dat daar hoog bo in die tempel ’n swaeltjie of mossie sy nessie gemaak het. Swaeltjies bou hul nessie daar waar hulle veilig is en die nessie nie voortdurend gebreek word nie. Hulle bou die nessie uit eie keuse daar. Hulle bly daar, hulle broei daar en maak hul kleintjies groot in God se teenwoordigheid. Jaar na jaar keer die swaeltjie terug na sy eie nessie. **Hier is die swaeltjie ’n beeld van ’n gelowige kind van God wat nie net tydelik besoek by die tempel wil aflê nie. Hy wil ’n permanente ononderbroke verhouding met God hê!** By God is sy rusplek, sy woonplek, sy eetplek. By God wil hy 24 uur 365dae van die jaar wees.

- **Het jy ’n ononderbroke verhouding met God?**
- **Is jy steeds gespanne of bekommerd nadat jy aan God oorgegee het?**

Waarom? Want dit gaan goed met mense wat God nie net as noodwiel gebruik nie, maar in ’n permanente verhouding met God leef. Hy het die gelowige mense dopgehou. Koning **Dawid** en Koning J**osafat** is ’n tipiese voorbeeld. Vir die gelowige gaan daar fonteine oop wanneer hulle deur die dorre woestyn van die lewe trek. God red ons keer op keer.

Voorbeeld: Onthou u in **2Kon.3:17-18** toe die drie konings van Israel, Juda en Edom optrek om koning Mesa van Moab te straf, hoe God hulle gered het? God red hierdie drie konings en hul leërs deur hulle water op wonderbaarlike wyse in die woestyn te gee (sonder wind of reën). Waarom? Net omdat koning Josafat in ’n konstante verhouding met God geleef het!

Ps.84: 3-4 skep ’n beeld van veiligheid en rustigheid in God se teenwoordigheid. Selfs die voëltjies het ’n veilige rus plekkie by God. **Soms wil God ook hê dat ons**

net rustig is en vrede in Sy teenwoordigheid beleef. Net ontspan en luister na die Here. Nie die klem lê op doen en rondhardloop nie.

Is God vir jou ook so ’n Veilige tuiste, by wie jy net kan gaan sit en luister. Ophou vrae vra. Ophou redeneer. Ophou werk. Ophou rondhardloop.

- **Wanneer laas het jy nadat jy Bybel gelees het, net stil geword en geluister.**
- **Hoe gereeld gee jy God ’n kans om met jou te praat?**

Sien in jou gees hoe hierdie man by die tempel kom. Hoe hy aflaai en by God vrede en rus vind. Watter emosies is besig om jou lewe uitmekaar te ruk? Is jy stukkend van bekommernis en angs? Is jy gebroke van verlange en hartseer? Is jy verward, en besluitloos en maal jou gedagtes in die rondte sonder dat jy iets gedoen kry? Is jy depressief en in jou gees geknak omdat jy voel jy het misluk en is nutteloos?

Sien in jou gees hoe God jou vandag hier in Sy teenwoordigheid ontvang. Vind jou rus by God. Vind vrede in God se Woord. Laai jou bekommernisse af. Hy ken jou gedagtes(Ps.139). Hy verstaan. Hy sorg. Hy is in beheer. Vers 12 sê: “*die Here is ons krag en beskerming”.* God gee om vir jou en wil jou graag beskerm.

5. Waar kry jy Krag?

Vers 6 sê: *“Dit gaan goed met mense wat hulle krag in U vind en graag na u tempel gaan.”*

Vers12: *“God is ons krag en beskerming”*

Let op vers **6, 8, 12.** Die woordjie krag kom soveel keer in hierdie psalm voor. Dis duidelik dat God die een is wat ons nuwe Krag gee. **God gee krag vir elke situasie wat soos ’n berg voor ons lê.** God gee daagliks, keer op keer vir ons krag om krisisse of nuwe uitdagings te hanteer! **God is ons kragbron!**

Die wêreld soek sy veiligheid en sekuriteit in kontrakte, geld en bankbalanse ens. Ons weet daardie dinge beteken niks nie. Dit kan in een oomblik verdwyn. Daar is net een vesting, net een bron van krag, net een wat sekuriteit kan bied en dit is God self. Keer op keer as ons by God gaan skuil, as ons tot Hom bid, as ons ons nood voor Hom uitstort, het God nuwe krag gegee.

Geen wonder dat Dawid kan uitroep: *"Met u hulp loop ek 'n oormag (bende) storm, met my God by my is geen stadsmuur vir my te hoog nie (spring ek oor 'n muur)" Ps.18:30*

Waar kry jy jou krag vandaan? Voel jy uitgeput, moeg en kragteloos? Maak meer tyd vir God. Soek by God raad en hulp. God gee nuwe krag vir elkeen wat moeg is. *(Jes.40:31* **"***Die wat op die Here vertrou kry nuwe krag")*

My vriend ds. Piet du Toit sê altyd hierdie volgende woorde aan die einde van sy boodskap:

If you have a setback, do not step back, because God is there with a comeback.
Your test will become your testimony
Your mess will become your message
Your history will become your ministry
Your trial will become your triumph
A victim will become a victory
Our disappointment will become Gods appointments
And painful trying will become perfect trusting
And weakness will be turned into strength
Remember: the power of God within you is greater than the pressures around you. Keep going, God is with you…

6. En wanneer dinge nie uitwerk nie?

Vertrou! Die psalm sluit af met vertroue (vers 13). **Dit gaan goed met die wat op U vertrou!** Soms lyk dit of dinge nie wil uitwerk nie. Soms voel dit of alles waaraan jy so hard gewerk het net nie wil vorder nie. Die wiele kom af. Dit lyk asof dit gaan misluk. Jy vra, hoe gaan ek dit regkry?

- Vertroue is om op God te wag. Sy plan is altyd die beste (Rom.8:28).
- Vertroue is om God te ken en in Sy vermoëns te glo (Rom.8:37-39)

God wil hê dat jy dit wat jy doen, sal oorgee in Sy hande. God wil graag hê dat jy Hom volkome vertrou en meer sal steun op Hom. Moenie net op jou eie wysheid en krag steun nie! Deut.8: 2-5 sê dat God Israel veertig jaar deur die woestyn gelei het om hulle te leer om nederig te word, en hulle te leer om deur God se Woord te leef.

Het jy geweet God stel meer in jou belang as in die werk wat jy doen?

- **God is meer begaan oor die vorming van jou karakter as die prestasies en suksesse wat jy behaal.**
- **Joh.3:27** sê: *"Niemand besit enige bevoegdheid om iets te doen as dit nie uit die hemel aan hom gegee is nie."* Alles wat jy in staat is om te doen het God dus eintlik maar aan jou gegee. Ek en jy kan eintlik absoluut niks sonder God doen nie!

Iemand het hierdie week gesê: *"Soms wil ek minder hê want dit laat my besef God sorg vir my!"*

Wanneer ons leer om in gebed te wag op God, sal ons verbaas wees om te sien hoe God die dinge wat vir ons onoorkoomlik gelyk het, op 'n unieke wyse oplos. Dikwels maak hy ander deure oop. Skep Hy uitkoms vanuit 'n rigting waar ons dit glad nie verwag het nie. Vers 12 sê dit is nie in God se aard om dinge te weerhou van Sy kinders wat reg lewe nie. (vgl.Klaag.3:31-32 *"As Hy beproewing oor 'n mens se pad gebring het, ontferm Hy Hom weer, want sy liefde is groot: dit is teen sy sin dat Hy mense in ellende en beproewing bring.")*)

Psalm 84 het my weer herinner aan die wonderlike God wat ons aanbid.
Kom ons word stil voor God en dank Hom vir Sy wonderlike liefde vir ons!

Amen